**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

## SEPTEMBER 2013

# EKONOMIE MEMORANDUM

**PUNTE: 300**

Hierdie memorandum bestaan uit 17 bladsye.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING A (Verpligtend)

## VRAAG 1 (LU1 – LU4)

1.1

| | | | |
|---|---|---|---|
| LU1 | 1.1.1 | A ✓✓ | korttermyn |
| | 1.1.2 | C ✓✓ | herstel |
| | 1.1.3 | B ✓✓ | Ouditeur-Generaal |
| LU2 | 1.1.4 | B ✓✓ | afwaarts hel van links na regs. |
| | 1.1.5 | B ✓✓ | meriete |
| | 1.1.6 | C ✓✓ | Selfoon-industrie |
| LU3 | 1.1.7 | A ✓✓ | Wet op Swart Ekonomiese Bemagtiging |
| | 1.1.8 | A ✓✓ | NOS'e |
| | 1.1.9 | C ✓✓ | Wêreldhandelsorganisasie. |
| LU4 | 1.1.10 | A ✓✓ | PPI |
| | 1.1.11 | C ✓✓ | inheemse erfenis. |
| | 1.1.12 | B ✓✓ | Bewaring |

(12 x 2) (24)

1.2
- 1.2.1 Finansiële ✓✓
- 1.2.2 Deregulasie ✓✓
- 1.2.3 Sosiale sekuriteittoelaes ✓✓
- 1.2.4 SARB ✓ ✓
- 1.2.5 Oligopolie ✓✓ (5 x 2) (10)

1.3
- 1.3.1 H ✓✓ Toon die verhouding tussen belastingkoers en belasting inkome.
- 1.3.2 E ✓✓ Om betekenisvolle aandeel of beheer in 'n besigheid te verkry.
- 1.3.3 B ✓✓ Om die misbruik van ekonomiese mag te voorkom bv. monopolie.
- 1.3.4 A ✓✓ Hierdie word oorverbruik in 'n vrye mark ekonomie.
- 1.3.5 D ✓✓ Teruggee van land aan diegene wat dit as gevolg van diskriminerende wette verloor het.
- 1.3.6 I ✓✓ Sluit lug-, pad-, spoor- en seevervoer in.
- 1.3.7 J ✓✓ Totale vraag oorskry totale aanbod.
- 1.3.8 C ✓✓ Buitelandse toeriste wat in Suid-Afrika aankom. (8 x 2) (16)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B** (Beantwoord enige DRIE vrae uit hierdie afdeling.)

## VRAAG 2 (LU1 AS1 – AS4) (50 PUNTE – 25 MINUTE)

2.1
- 2.1.1 oop ✓✓ (2)
- 2.1.2 nasionalisering ✓✓ (2)
- 2.1.3 hoof ✓✓ (2)
- 2.1.4 depresiasie ✓✓ (2)

2.2
- Sakesiklusse ✓✓
- Kitchinsiklusse ✓✓
- Jugglersiklusse ✓✓
- Kuznetssiklusse ✓✓
- Kondratiefsiklusse ✓✓ (Enige 3 x 2) (6)

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2.3 **DATA RESPONS**

2.3.1 Dit is die prys van een geldeenheid in terme van 'n ander geldeenheid. ✓✓ (2)

2.3.2 Appresieer/raak sterker ✓✓ (2)

2.3.3
- Revaluasie ✓✓
- Devaluasie ✓✓ (2 x 2) (4)

2.3.4 Suid-Afrikaanse Reserwe Bank/SARB ✓✓ (2)

2.4 **DATA RESPONS**

2.4.1 Eskom ✓✓ (2)

2.4.2 Dit word gebruik om die verandering in die status van 'n onderneming van nie-winsgewend na winsgewend aan te dui. ✓✓ (2)

2.4.3
- SBOs is burokraties, ondoeltreffend en reageer nie op behoeftes van die mense nie. ✓✓
- Dit sal die belastinggrondslag verbreed. ✓✓
- Privaatsektor kan makliker aanpas by ekonomiese toestande. ✓✓
- Dit sal meer mense 'n aandeel in die ekonomie gee. ✓✓
- Dit sal fondse beskikbaar maak vir noodsaaklikhede soos behuising, onderwys, gesondheid en hulp aan die armes. ✓✓

(Enige 2 x 2) (4)

2.4.4 Die regering sal die entiteite wat verliese maak moet help m.b.v. belastingbetalersuitgawes. ✓✓ (2)

2.5
- Staan bekend as produsente/vervaardigers van goedere en dienste. ✓✓
- Koop produksiefaktore by huishoudings deur die faktormark. ✓✓
- Gebruik produksiefaktore om goedere en dienste te produseer. ✓✓
- Verkoop goedere en dienste in die goederemark. ✓✓ (8)

2.6
- Gemeenskapsgoedere is nie-mededingend. ✓✓
- Verbruik deur een sluit nie verbruik deur ander uit nie. ✓✓
- Hulle is dus nie-uitsluitbaar. ✓✓
- Dit beteken dat verbruikers kan nie 'n prys gevra word vir die verbruik daarvan nie.✓✓
- Dit word nie deur die privaatsektor verskaf nie. ✓✓
- Bv. verdediging, polisie, vloedbeheer, straatligte, ens. ✓✓ (4 x 2) (8)

**[50]**

**VRAAG 3 (LU2 AS1 – AS3) (50 PUNTE – 25 MINUTE)**

3.1
3.1.1 verlies ✓✓ (2)
3.1.2 advertensies ✓✓ (2)
3.1.3 direkte ✓✓ (2)
3.1.4 kollektiewe ✓✓ (2)

3.2
- Nie-mededingend ✓✓
- Nie-uitsluitend ✓✓
- Sosiale voordele oortref private voordele ✓✓
- Oneindige verbruik ✓✓
- Nie-weiering ✓✓ (Enige 3 x 2) (6)

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from eduresourceza.com

3.3 **DATA RESPONS**

3.3.1 Normale wins✓ in volmaakte mededinging ✓ (2)
3.3.2 Die onderneming sal ekonomiese wins realiseer. ✓✓ (2)
3.3.3 Waar MI = MK ✓✓ (2)
3.3.4
- Dit is die werklike besteding van 'n besigheid op die aankope of huur van insette. ✓✓
- Dit sluit lone, rente, verhuring van grond en geboue en besteding op grondstowwe in. ✓✓ (4)

3.4 **DATA RESPONS**

3.4.1 Hierdie is kote en voordele wat private koste en voordele kan omskakel na sosiale koste en voordele. ✓✓ (2)
3.4.2
- Privaat koste plus eksterne koste is gelyk aan sosiale koste. ✓✓
- Dit is die koste van goedere en dienste vir hulle wat dit produseer en aan die gemeenskap in geheel. ✓✓
- Dit is ook die addisionele koste van besoedeling of die koste van die behandeling van siektes veroorsaak deur die produksie van 'n goed of diens. ✓✓
- Geen waardes word toegeken aan hierdie eksterne kostes omdat daar nie 'n markprys daarvoor is nie. ✓✓ (Enige 2 x 2) (4)

3.4.3
- _Private koste_ is kostes wat aangegaan word deur verbruikers wanneer hulle goedere koop. ✓✓
- _Private voordele_ is voordele wat ontvang word deur hulle wat goedere koop en verkoop. ✓✓ (4)

3.5
- Oligopolieë span saam deur formele en informele ooreenkoms ✓✓
- Wanneer hulle 'n formele ooreenkoms bereik, word dit 'n kartel genoem. ✓✓
- Dit is om mededinging te beperk en hoë winsgewendheid te handhaaf. ✓✓
- Daar is verskillende vorme – openlike samespanning, stilswyende samespanning, ens. ✓✓
- 'n Goeie voorbeeld van samespanning is OPEC. ✓✓ (Enige 4 x 2) (8)

3.6
- Dit beteken die produk samestelling reflekteer nie verbruiker smaak nie. ✓✓
- Dit is omdat hulpbronne nie in die regte verhouding toegeken is nie. ✓✓
- Die hoeveelhede wat verbruikers verkies, is nie beskikbaar nie. ✓✓
- Dit kan verbeter word as produsente produkte wysig afhangende van die markvraag. ✓✓ (4 x 2) (8)

**[50]**

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 4 (LU3 AS1 – AS4) (50 PUNTE – 25 MINUTE)**

4.1
4.1.1 SARB ✓✓ (2)
4.1.2 noordelike ✓✓ (2)
4.1.3 normale ✓✓ (2)
4.1.4 BBP ✓✓ (2)

4.2
- Tariefvrye aansporings ✓✓
- Klein- en Medium ondernemings ontwikkelingsprogram (KMOOP) ✓✓
- Vaardigheid ondersteuningsprogram (VOP) ✓✓
- Swart besighede verskaffer-ontwikkelingsprogram (SBVOP)✓✓
- Kritieke Infrastruktuurprogram (KIP)✓✓
- Buitelandse Investering Toekenning (BIT) ✓✓ (Enige 3 x 2) (6)

4.3 **DATA RESPONS**

4.3.1
- GEAR ✓✓
- HOP ✓✓
- AsgiSA ✓✓ (Enige 2 x 2) (4)

4.3.2
- Aansporings om te werk en produseer ✓✓
- Menslike en fisiese kapitaalvorming ✓✓
- Bevredigende internasionale maatstawwe ✓✓ (Enige 2 x 2) (4)

4.3.3 Growth Employment And Redistribution/
Groei Werkskepping en Verdeling ✓✓ (2)

4.4 **DATA RESPONS**

4.4.1 SETAs (Sektor Onderwys en Opleidingsgesag) ✓✓ (2)
4.4.2 Gebrek aan vaardighede en opleiding ✓✓ (2)
4.4.3
- Vervoer ✓✓
- Kommunikasie ✓✓
- Energie ✓✓ (Enige 2 x 2) (4)

4.4.4
- vaardigheidsontwikkeling ✓✓
- onderwys en opleiding ✓✓ (Enige 1 x 2) (2)

4.5
- *Aansporings* ✓✓
  - Dit sal vervaardigers aanmoedig om hulle uitvoer volumes te verhoog. ✓✓
  - Sluit in mark inligting, navorsing in verband met nuwe markte, konsessies op vervoerkoste, uitvoerkrediete en waarborge, ens. ✓✓
- *Subsidies* ✓✓
  - Dit is in die vorm van kontantbetalings aan uitvoerders. ✓✓
  - Sluit in kontantbetalings soos terugbetalings op invoertariewe, algemene belastingkortings, belastingkonsessies, indiensname subsidies, bystand in finansiering van uitvoere. ✓✓ 2 x (Enige 2 + 2) (8)

4.6
- 'n Hoër geletterdheidskoers, kennis en vaardighede onder die bevolking kan deur onderwys bereik word. ✓✓
- Kan bereik word deur doeltreffende onderwys en opleiding. ✓✓
- Dit verbeter produktiwiteit, nasionale rykdom, hoër lewenstandaard, ens.✓✓
- Dit ontvang die grootste persentasie van die totale besteding in SA. ✓✓
- Lewenstandaard en die vlak van onderwys is nou verwant aan mekaar. ✓✓

(Enige 4 x 2) (8)
**[50]**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 5 (LU4 AS1 – 3) (50 PUNTE – 25 MINUTE)**

5.1 5.1.1 arbeids ✓✓ (2)
5.1.2 koste-druk ✓✓ (2)
5.1.3 ekotoerisme ✓✓ (2)
5.1.4 hernieubare ✓✓ (2)

5.2
- Daar moet 'n doel vir die besoek wees. ✓✓
- Geen vergoeding moet verdien word nie ✓✓
- Die minimum verblyf moet een nag wees en die maksimum behoort minder as een jaar te wees. ✓✓
- Die reisafstand behoort meer as 160 km te wees. ✓✓ (Enige 3 x 2) (6)

5.3 **DATA RESPONS**

5.3.1 Dit sluit items (in die VPI mandjie) met hoogs veranderlike pryse en items met pryse wat beïnvloed word deur regeringsinmenging, uit. ✓✓ (2)

5.3.2 Semi-duursame goedere ✓✓ (2)

5.3.3
- Dit word veroorsaak deur 'n toename in die prys van geadministreerde goedere en dienste. ✓✓
- Hierdie is pryse van goedere en dienste wat deur die regering vasgestel of beheer word. ✓✓ (4)

5.3.4 Goedere wat slegs een maal verbruik kan word/goedere wat tydens verbruik gebruik word, bv. voedsel ✓✓ (2)

5.4 **DATA RESPONS**

5.4.1
- Dit is die byvoeging van chemiese, fisiese of biologiese materiaal tot varswaterbronne ✓✓
- Dit degradeer die kwaliteit van water en beïnvloed die organismes wat daarin lewe en die mense wat dit gebruik, negatief. ✓✓ (4)

5.4.2 Oliestorting ✓✓ (2)

5.4.3
- **<u>Beskerming</u>** is die instandhouding en beskerming van die omgewing en sy hulpbronne in hulle huidige toestand. ✓✓
- **<u>Bewaring</u>** is die volhoubare bestuur en gebruik van natuurlike hulpbronne. ✓✓ (4)

5.5
- Dit neem ontwikkeling na die armes in plattelandse gebiede. ✓✓
- Baie van die uitsoek toerisme aantreklikhede is geleë in plattelandse gebiede. ✓✓
- Dit laat plattelandse mense toe om in voordele van toerisme ontwikkeling te deel. ✓✓
- Dit laat mense toe om aan te hou met 'n plattelandse gesinsbestaan. ✓✓ (4 x 2) (8)

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

5.6
- <u>Die omgewing is 'n gemeenskaplike hulpbron</u> ✓✓
  - Meeste dienste het nie 'n prys nie. ✓✓
  - Daar is nie ekonomiese aansporings om hul gebruik ekonomies te regverdig nie. ✓✓
- <u>Eksternaliteite</u> ✓✓
  - Die koste van besoedeling op die omgewing word deur ander gedra. ✓✓
  - Want niemand besit die omgewing nie. ✓✓
- <u>Gebrek aan kennis</u> ✓✓
  - Mense beskadig die omgewing sonder dat hulle dit besef. ✓✓
  - In baie gevalle, het mense nie die kennis om dinge in 'n omgewings vriendelike manier te doen nie. ✓✓
- <u>Nalatigheid</u> ✓✓
  - Mense is oor die algemeen voorberei om voort te gaan met verskeie skadelike praktyke. ✓✓
  - Hulle laat dit oor aan toekomstige geslagte om hulle te bekommer oor die gevolge. ✓✓ Enige 2 x (2 + 2) (8)

**[50]**

**VRAAG 6 (LU1 EN LU2) (50 PUNTE – 25 MINUTE)**

6.1
6.1.1 veranderlike ✓✓ (2)
6.1.2 trog ✓✓ (2)
6.1.3 makers ✓✓ (2)
6.1.4 verbruik ✓✓ (2)

6.2
- Investering ✓✓
- Regeringsbesteding ✓✓
- Uitvoerverdienste ✓✓ (3 x 2) (6)

6.3 **DATA RESPONS**

6.3.1
- Afname in die ekonomiese groei in die RSA se handelsvennote. ✓✓
- Plaaslike aanbodbeperkings. ✓✓
- Appresiasie van die eksterne waarde van die rand ✓✓
- Inkrimping in uitvoerverdienste. ✓✓
- Toename in die waarde van invoer goedere. ✓✓ (Enige 2 x 2) (4)

6.3.2
- Euro-gebied ✓✓
- Verenigde Koninkryk ✓✓
- China ✓✓ (Enige 1 x 2) (2)

6.3.3
- Goedere ✓✓
- Netto goud-uitvoere ✓✓
- Dienste ✓✓
- Inkome ✓✓
- Lopende oordragte ✓✓ (Enige 2 x 2) (4)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

6.4 **DATA RESPONS**

6.4.1 Langtermyn ewewig van ŉ monopolie/monopolistiese mededinging ✓✓ (2)

6.4.2 Ekonomiese wins ✓✓ (2)

6.4.3 A = GK/Gemiddelde Koste kurwe ✓✓
B = MK/Marginale Koste kurwe ✓✓ (4)

6.4.4 Dit is die toename in totale inkome deur die verkoop van ŉ addisionele eenheid. ✓✓ (2)

6.5
- Dit beteken dat goedere en dienste nie in die verlangde hoeveelheid en kwaliteit voorsien word nie. ✓✓
- Openbare goedere word slegs doeltreffend voorsien indien die pareto doeltreffendheid bereik word. ✓✓
- <u>Burokrasie</u> ✓✓ – om amptelike reëls en prosedures te volg mag lei tot ondoeltreffendheid. ✓✓
- <u>Onbevoegdheid</u> ✓✓ – gebrek aan vaardigheid, onbehoorlike kwalifikasies, gebrek aan opleiding, ondervinding, ens. kan lei tot ondoeltreffendheid. ✓✓
- <u>Korrupsie</u> ✓✓ – die uitbuiting van iemand se posisie vir private gewin soos omkopery, nepotisme, bedrog, ens. kan ook lei tot ondoeltreffendheid. ✓✓ (Enige 4 x 2) (8)

6.6
- Dit is waar totale inkome presies gelyk is aan totale koste. ✓✓
- Dit kom voor asof die entrepreneur nie enige wins maak nie. ✓✓
- Maar totale koste sluit normale wins in. ✓✓
- Dit is die bedrag wat die entrepreneur hom-/haarself betaal. ✓✓
- Normale wins is die minimum verdienste wat vereis word om te voorkom dat die entrepreneur die besigheid verlaat. ✓✓ (Enige 4 x 2) (8)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**AFDELING C** (Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling.)

| PUNTETOEKENNING VIR OPSTELTIPE VRAE | |
|---|---|
| **STRUKTUUR VAN OPSTEL** | **Puntetoekenning** |
| **Inleiding** | Maks 3 |
| **Inhoud**<br>• Hoofdeel: Byvoorbeeld bespreek/verduidelik/ gedetailleerde opstel/ontleed/evalueer | Maks 30 |
| • Addisionele gedeelte: Byvoorbeeld teken 'n grafiek of diagram/verwys/dui aan | Maks 10 |
| **Slot** | Maks 2 |
| **Interpretasie** | Maks 5 |
| **TOTAAL** | **50** |

**VRAAG 7 (LU1 AS1)**

**OPSTELTIPE**

**Bespreek die volgende sakesiklus aanwysers wat in vooruitskatting gebruik kan word, ten volle – Leidende, Sloerende, Samevallende, Lengte en Amplitude.**

**As toevoeging, teken 'n volledige 'sakesiklus' met byskrifte.**

**INLEIDING**
- 'n Ekonomiese aanwyser toon aan hoe die ekonomie presteer of behoort te presteer.✓✓✓
- Basiese vooruitskatting word gedoen deur die veranderinge in die numeriese waardes van die aanwysers te bestudeer. ✓✓✓
- (Aanvaar enige toepaslike inleiding.) (Enige 1 x 3) (3)

**INHOUD**

**A. Leidende ekonomiese aanwysers**
- Hierdie aanwysers sal verander voordat die ekonomie verander ✓✓
- Hulle piek voor die totale ekonomiese aktiwiteite die piek bereik. ✓✓
- Hulle bereik die trog alvorens die ekonomiese aktiwiteite die trog bereik. ✓✓
- Hulle is belangrik omdat hulle vooraf waarsku teen veranderinge in die totale ekonomiese aktiwiteit. ✓✓
- Bv. aantal nuwe voertuie verkoop ✓✓ (Enige EEN voorbeeld) (Enige 4 x 2) (8)

**B. Samevallende ekonomiese aanwysers**
- Hulle toon die werklike stand van die ekonomie. ✓✓
- Hulle beweeg dieselfde tyd as wat die ekonomie beweeg. ✓✓
- Samevallende aanwysers val saam met die draaipunte. ✓✓
- As samevallende ekonomiese aanwysers verbeter, beteken dit die ekonomie verbeter en omgekeerd. ✓✓
- Bv. Reële BBP. ✓✓ (Enige EEN voorbeeld) (Enige 4 x 2) (8)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**C. Sloerende ekonomiese aanwysers**


- Hulle verander nie van rigting tot nadat die sakesiklus van rigting verander het nie. ✓✓
- Dit bevestig die gedrag van die samevallende aanwysers. ✓✓
- As hulle nie 'n opswaai of afswaai bevestig nie, is hulle swak of geneig om op 'n vroeë stadium te eindig. ✓✓
- Bv. aantal handelsvoertuie verkoop. ✓✓ (Enige EEN voorbeeld) (Enige 3 x 2) (6)

**D. Lengte**

- Dit is die tyd wat dit neem om een siklus te voltooi. ✓✓
- Dit is die tyd tussen twee opeenvolgende pieke of trôe. ✓✓
- Langer siklusse toon die sterkte van die ekonomie. ✓✓ (Enige 2 x 2) (4)

**E. Amplitude ✓✓**

- Dit is die verskil tussen die totale uitset tussen 'n piek en 'n trog. ✓✓
- Word gemeet deur die afstand tussen die piek en trog. ✓✓
- Hoë amplitude toon sterk onderliggende kragte en kan lei tot langer siklusse. ✓✓ (Enige 2 x 2) (4)




maks (10)

**SLOT**

Dit is onmoontlik vir ons om die toekoms van die ekonomie met al die beskikbare tegnieke, akkuraat te voorspel. ✓✓ (Aanvaar enige aanvaarbare slot) (2)

Gebruik die volgende assesserings tabel tesame met bogenoemde om die bespreking te assesseer.

| PUNTE | INTERPRETASIE VAN ONDERWERP |
|---|---|
| 0 | Kandidaat toon geen begrip van onderwerp nie. |
| 1 | Kandidaat toon ietwat begrip van die onderwerp, maar het belangrike aspekte weggelaat. (**1 – 15 punte**) |
| 3 | Kandidaat het die onderwerp korrek verstaan, maar het nie feite gekoppel aan die onderwerp nie. (**16 – 30 punte**) |
| 5 | Kandidaat het onderwerp korrek verstaan en het feite aan die onderwerp gekoppel. (**31 – 45 punte**) |

(5)
**[50]**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 8 (LU2 AS1)**

**OPSTELTIPE**

**Skryf 'n gedetailleerde opstel oor die eienskappe van volmaakte mededinging.**
**Maak gebruik van 'n PMK (grafiek) om die volgende punte daarop aan te dui.**
**Ondoeltreffende produktiwiteit (A)**
**Doeltreffende produktiwiteit (B)**
**Onmoontlike produktiwiteit (C)**

**INLEIDING**
- 'n Volmaak mededingende mark is 'n markstruktuur met 'n groot aantal deelnemers wat prysnemers is. ✓✓✓
- Dit is 'n marktoestand waar geen een van die deelnemers die mark kan beïnvloed nie. ✓✓✓
- (Aanvaar enige toepaslike inleiding.) (Enige 1 x 3) (3)

**INHOUD**
- <u>Groot aantal kopers</u> ✓✓
  - Die aantal kopers in die mark is so baie dat 'n individuele koper se invloed onbeduidend is op die marktoestande. ✓✓
  - Daar is 'n soveel kopers in die mark dat 'n enkele koper nie die markprys kan beïnvloed nie. ✓✓
- <u>Groot aantal verkopers</u> ✓✓
  - Die aantal verkopers in die mark is so baie dat 'n individuele verkoper nie die markprys kan beïnvloed nie. ✓✓
  - Verkopers in die volmaak mededingende mark is prysnemers. ✓✓
- <u>Produkte is homogeen</u> ✓✓
  - Produkte wat in dié mark verkoop word is homogeen. ✓✓
  - Produkte is identies in kwaliteit en voorkoms. ✓✓
  - Dit maak geen verskil aan 'n koper by wie hulle die produk koop nie. ✓✓
- <u>Vryheid van toe- en uittrede</u> ✓✓
  - Die mark is ten volle toeganklik en daar is totale vryheid van toe- en uittrede. ✓✓
  - Deelnemers is vry om die mark te betree of te verlaat. ✓✓
  - Daar is geen beperkings met betrekking tot toe- en uittrede. ✓✓
- <u>Produksiefaktore is volkome beweeglik</u> ✓✓
  - Alle produksiefaktore kan vryelik tussen markte beweeg. ✓✓
- <u>Volmaakte inligting</u> ✓✓
  - Alle deelnemers het volledige kennis van al die marktoestande. ✓✓
  - As een verkoper besluit om sy prys te verhoog, sal kopers hom verlaat en na ander verkopers gaan. ✓✓
  - Die besigheid wat hoër pryse vra sal nie sy produk kan verkoop nie. ✓✓
- <u>Geen samespanning</u> ✓✓
  - Daar is geen samespanning tussen verkopers. ✓✓
  - Elke verkoper tree onafhanklik van mekaar op. ✓✓
- <u>Geen regeringsinmenging</u> ✓✓
  - Geen regeringsinmenging wat kopers/verkopers kan beïnvloed. ✓✓


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


- <u>Ongereguleerde markte</u> ✓✓
  - Daar is geen regeringsinmenging wat deelnemers kan beïnvloed nie. ✓✓
- <u>Geen voorkeurbehandeling</u> ✓✓
  - Daar is geen diskriminasie en niemand word anders behandel nie. ✓✓
- <u>Doeltreffende vervoer en kommunikasie</u> ✓✓
  - Daar is doeltreffende vervoer en kommunikasie na en van die markte. ✓✓ (Enige 15 x 2) (30)

**SLOT**

- Daar is slegs 'n paar voorbeelde van 'n volmaak mededingende mark in die wêreld. ✓✓
- Bv. JSB, Suid-Afrikaanse mielie-mark is voorbeelde ✓✓ (Enige 1 x 2) (2)




(10)

Gebruik die volgende assesseringstabel tesame met bogenoemde om die bespreking te assesseer.

| PUNTE | INTERPRETASIE VAN ONDERWERP |
|---|---|
| **0** | Kandidaat toon geen begrip van onderwerp nie. |
| **1** | Kandidaat toon ietwat begrip van die onderwerp, maar het belangrike aspekte weggelaat. (**1 – 15 punte**) |
| **3** | Kandidaat het die onderwerp korrek verstaan, maar het nie feite gekoppel aan die onderwerp nie. (**16 – 30 punte**) |
| **5** | Kandidaat het onderwerp korrek verstaan en het feite aan die onderwerp gekoppel. (**31 – 45 punte**) |

(5)
**[50]**

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 9 (LU3 AS3)**

**OPSTELTIPE**

**Skryf ’n gedetailleerde opstel oor die metodes van invoervervanging.**

**Verwys ook na die argumente ten gunste van vryhandel.**

**INLEIDING**

- Invoervervanging gebeur wanneer ’n land beleide implementeer om plaaslike produksie van ingevoerde goedere en dienste aan te moedig.✓✓✓
- Dit is wanneer goedere wat voorheen ingevoer was, vervang word met plaaslik vervaardigde goedere. ✓✓✓
- (Aanvaar enige toepaslike inleiding.) (Enige 1 x 3) (3)

**INHOUD**
**METODES VAN INVOERVERVANGING**

- Tariewe ✓✓
  - Staan ook bekend doeaneregte ✓✓
  - Dit is belasting wat op ingevoerde goedere gehef word. ✓✓
  - *Ad valorem*-tariewe ✓✓ word gehef as persentasie van die waarde van ingevoerde goedere. ✓✓
  - *Spesifieke* tariewe ✓✓ word gehef op goedere per eenheid, massa of grootte. ✓✓
  - Tariewe sal die prys van ingevoerde goedere verhoog en plaaslike verbruik ontmoedig. ✓✓
  - Dit lei ook tot ’n verhoogde verbruik van plaaslik geproduseerde goedere. ✓✓
- Kwotas ✓✓
  - Dit is om die invoer van goedere te beperk. ✓✓
  - Dit is om die aanbod van ingevoerde goedere vir die plaaslike mark te verlaag. ✓✓
  - Beperkte aanbod sal die prys van ingevoerde goedere laat styg. ✓✓
- Subsidies ✓✓
  - Subsidies aan plaaslike ondernemings mag gebruik word as ’n indirekte manier om hulle te beskerm. ✓✓
  - Dit sal plaaslike produsente help om kostes en pryse te verlaag. ✓✓
  - Dit help ook plaaslike produsente om buitelandse ondernemings se pryse in die binnelandse mark te sny. ✓✓
- Wisselkoersbeheer ✓✓
  - Dit is om invoere te verminder deur die beskikbare bedrag buitelandse valuta aan invoerders te beperk. ✓✓
  - Dit sal die aanbod van ingevoerde goedere verlaag en lei tot ’n toename in die vraag na plaaslike goedere. ✓✓
- Fisiese beheer ✓✓
  - Gewoonlik in die vorm van ’n algehele verbod op die invoer van sekere goedere ✓✓

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


- Wegkeer van handel ✓✓
  - Verskeie metodes word gebruik om dit moeilik te maak om goedere van oorsee af in te voer. ✓✓
  - *Invoerdeposito's* ✓✓ – regering kan van invoerders verwag om 'n sekere bedrag geld te deponeer voordat hulle goedere kan invoer. ✓✓
  - *Tydrowende doeane prosedures* ✓✓ – om invoere te ontmoedig. ✓✓
  - *Hoë kwaliteit standaarde* ✓✓ – word voorgeskryf en dis moeilik vir buitelandse uitvoerders om daaraan te voldoen. ✓✓ (Enige 15 x 2) (30)

**ARGUMENTE TEN GUNSTE VAN VRYHANDEL**

- Spesialisasie ✓✓
  - Die teorie van vergelykende voordeel toon dat produksie verhoog kan word deur spesialisasie. ✓✓
  - Wêreldhandel en verbruik kan gemaksimeer word as lande spesialiseer in dit wat hulle die beste kan produseer. ✓✓
- Skaalvoordele ✓✓
  - Dit laat toe dat skaalvoordele gemaksimeer word en eenheidskoste daal. ✓✓
  - Skaalvoordele kan lei tot vergelykende voordele. ✓✓
- Keuses ✓✓
  - Dit laat verbruikers die keuse van goedere en dienste toe. ✓✓
  - Verbruikers welvaart kan verhoog word as gevolg van die keuse van goedere wat tot hulle beskikking is. ✓✓
- Innovasie ✓✓
  - Dit impliseer mededinging wat weer lei tot aansporings om te innoveer. ✓✓
  - Innovasie lei tot die produksie van nuwe goedere en dienste. ✓✓
  - Dit kan ook kostes verminder en die kwaliteit en betroubaarheid van produkte verbeter. ✓✓ (Enige 5 x 2) (10)

**SLOT**

Alhoewel baie mense onseker is of oor invoervervanging, het dit baie positiewe uitwerkings op die ekonomie. ✓✓
(Aanvaar enige toepaslike slot) (2)

Gebruik die volgende assesseringstabel tesame met bogenoemde om die bespreking te assesseer.

| PUNTE | INTERPRETASIE VAN ONDERWERP |
|---|---|
| **0** | Kandidaat toon geen begrip van onderwerp nie. |
| **1** | Kandidaat toon ietwat begrip van die onderwerp, maar het belangrike aspekte weggelaat. (**1 – 15 punte**) |
| **3** | Kandidaat het die onderwerp korrek verstaan, maar het nie feite gekoppel aan die onderwerp nie. (**16 – 30 punte**) |
| **5** | Kandidaat het onderwerp korrek verstaan en het feite aan die onderwerp gekoppel. (**31 – 45 punte**) |

(5)
**[50]**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 10 (LU4 AS1)**

**OPSTELTIPE**

**Ontleed die oorsake van koste-druk inflasie.**

**As toevoeging verwys ook na enige vyf gevolge van inflasie.**

**INLEIDING**

- Dit kom voor waar die interaksie tussen vraag en aanbod deur die produksiefaktore versteur word.✓✓✓
- Dit is 'n toename in die kosprys van 'n produk wat lei tot 'n toename in die verkoopprys van daardie produk. ✓✓✓ (Enige 1 x 3) (3)

**INHOUD**
**OORSAKE VAN KOSTE-DRUK INFLASIE**

- <u>Hoër vraag na lone/Lone</u> ✓✓
  - Werkers eis dikwels lone wat hoër is as hulle produktiwiteit. ✓✓
  - Werkgewers word gewoonlik deur vakbonde gedwing om hoër lone te betaal. ✓✓
  - Werkgewers verhaal hoër arbeidskoste deur pryse van goedere en dienste te verhoog. ✓✓
  - Dit is die belangrikste enkele koste-item. ✓✓
- <u>Bose kringloop van lone</u> ✓✓
  - Hoër pryse van goedere lei tot 'n bose kringloop van hoër pryse en vraag na hoër lone. ✓✓
  - Werkers eis hoër lone a.g.v. hoër lewenskoste. ✓✓
- <u>Daling in produktiwiteit/Produktiwiteit</u> ✓✓
  - Daar is 'n daling in produktiwiteit terwyl indiensname en lone hoog bly. ✓✓
  - Produksie sal geleidelik daal en pryse sal styg. ✓✓
  - Koste per eenheid uitset sal styg indien produktiwiteit afneem en vergoeding onveranderd bly. ✓✓
- <u>Skielike stakings en wegbly-aksies</u> ✓✓
  - Dit sal produksie-uitset verlaag en 'n daling in aanbod veroorsaak. ✓✓
  - Daling in aanbod sal pryse verhoog. ✓✓
- <u>Direkte belasting</u> ✓✓
  - Produsente sal hulle inkome probeer aanpas as die regering indirekte belasting verhoog. ✓✓
  - Produsente sal hulle pryse verhoog om te vergoed vir die hoër belasting. ✓✓
- <u>Toename in die prys van ingevoerde goedere</u> ✓✓
  - Produsente sal pryse verhoog volgens die verhoogde kostes. ✓✓
  - Produsente verhoog hul pryse as gevolg van verhoogde kostes. ✓✓
- <u>Toename in die prys van geadministreerde goedere</u> ✓✓
  - Wanneer hierdie pryse styg, vereis vakbonde hoër lone. ✓✓
  - Produsente sal die toename in pryse op geadministreerde goedere ook op hulle produkte verhoog. ✓✓
  - Bv. verhoging in petrolprys, posgeld, elektrisiteit, water, ens. ✓✓
- <u>Indirekte belasting</u> ✓✓
  - Toename in indirekte belasting verhoog ook produksiekoste. ✓✓
  - Bv. toename in BTW, doeane en aksynsbelastings ✓✓

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

- Hoër winsgrense/Winsgrense ✓✓
  - Sommige prysverhogings neig om die winsgrense van besighede te verhoog. ✓✓
- Inkrimpings ✓✓
  - Winkeldiefstal en verliese veroorsaak deur werknemers sal ook die produksiekoste verhoog. ✓✓
  - Hierdie bedrae word ook ingesluit by die prys van produkte. ✓✓
  - Soos meer geld spandeer word op sekuriteit, sal pryse van verbruikersgoedere verhoog. ✓✓
- Hoër pryse op landbougoedere ✓✓
  - Dit is a.g.v. hoë insetkoste soos diesel en kunsmis. ✓✓
  - Hoër insetkoste lei tot hoër voedselpryse. ✓✓
- Rentekoerse ✓✓
  - Hoë rentekoerse is 'n koste-item vir baie besighede. ✓✓
  - Rente word altyd ingesluit by pryse van goedere. ✓✓
- Sleutel insette ✓✓
  - Produksiekoste styg met toename in pryse van sleutelinsette, bv. olie. ✓✓
- Wisselkoersdepresiasie ✓✓
  - As die rand depresieer, word alle ingevoerde goedere duurder. ✓✓
- Natuurrampe ✓✓
  - Droogtes, oorstromings, ens. laat produksiekoste en pryse styg. ✓✓

(Enige 15 x 2) (30)

**GEVOLGE VAN INFLASIE**

- 'n Styging in die prys lei tot 'n daling in die koopkrag van geld. ✓✓
- Dit veroorsaak 'n herverdeling van inkome en rykdom. ✓✓
- Dit verminder die reële waarde van besparings. ✓✓
- Dit beïnvloed uitvoerverdienste en beïnvloed die betalingsbalans negatief. ✓✓
- Dalende uitvoere en toenemende invoere lei tot 'n depresiasie van die geldeenheid. ✓✓
- Dit lei ook tot 'n herverdeling van inkome van belastingbetalers aan die regering a.g.v. 'n toename in die gemiddelde belastingkoers. ✓✓
- Dit lei ook tot loononderhandelinge wat dikwels lei tot nywerheids- en sosiale onrus. ✓✓ (Enige 5 x 2) (10)

**SLOT**

- Daar is baie oorsake van inflasie en hulle het almal 'n nou verhouding met die werking van die markstelsel.
- Wanneer die markstelsel nie behoorlik funksioneer nie, is inflasie die prys wat ons betaal. ✓✓
- (Aanvaar enige toepaslike slot.) (Enige 1 x 2) (2)

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from eduresourceza.com

Gebruik die volgende assesseringstabel tesame met bogenoemde om die bespreking te assesseer.

| PUNTE | INTERPRETASIE VAN ONDERWERP |
|---|---|
| 0 | Kandidaat toon geen begrip van onderwerp nie. |
| 1 | Kandidaat toon ietwat begrip van die onderwerp, maar het belangrike aspekte weggelaat. (**1 – 15 punte**) |
| 3 | Kandidaat het die onderwerp korrek verstaan, maar het nie feite gekoppel aan die onderwerp nie. (**16 – 30 punte**) |
| 5 | Kandidaat het onderwerp korrek verstaan en het feite aan die onderwerp gekoppel. (**31 – 45 punte)** |

(5)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING C: 100**
**GROOTTOTAAL: 300**

eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com